

Ons beleef hoe God Hanna se gebed beantwoord en vir haar 'n seun gee.

Teks: 1 Samuel 1-4

Jy benodig:

- Enige items vir 'n skattejag
- Een besondere item
- Plakkate van 6 emosies
- Sandboks
- Gelukkige Hanna
- Hartseer Hanna
- Elkana
- Peninna
- Eli
- Mure van die tempel
- 'n Praatborrel met die woorde: "Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Daar is geen God soos Hy nie. Geen mens mag hoogmoedig voor Hom wees nie. Hy weet alles. Die Here maak sy kinders sterk." Plak dit op 'n stokkie.



WELKOM

Skattejag

Steek oral objekte weg op die terrein tot jou beskikking. Steek ook een besondere item weg. *(Kies iets wat by die kinders gewild is... miskien 'n spesiale albaster in albastertyd of 'n tol of springtou.)*

Wie vind die meeste items? Wie vind die besondere item?

Hoe voel jy?

Plak 6 emosie gesigte teen die mure in die vertrek.

Vra dat die kinders by die emosie gaan staan wat wys hoe hulle op hierdie oomblik voel. Gee elke groep geleentheid om die emosie wat hulle gekies het, uit te beeld. *(Gebruik gesigs-uitdrukkings, aksies en geluide.)* Staan nou by die plakkaat wat wys hoe jy graag wil voel. Gee weer geleentheid om die gevoel uit te beeld.



WYDING

Temalied en stilword-ritueel soos by ontmoetings 25 en 26.



WOORD

1 Samuel 1 en 2 *(Video op webtuiste beskikbaar: http://communitas.co.za/Dokumente/KIX_pdfs/Kinders/Ontmoeting_3_Samuel_video.WMV) of*

"Hoe voel dit vir jou as jy iets vir jou ma of pa vra en jy kry dit nie dadelik nie?"

"Hoe voel dit vir jou as jy iets gevra het en jy moet 2 dae wag voor jy dit kry?"

"Hoe voel dit vir jou as jy iets gevra het en jy moet 2 weke wag voor jy dit kry?"

"Hoe voel dit vir jou as jy iets gevra het en jy moet 'n maand wag voor jy dit kry?"

"Hoe voel dit vir jou as jy iets gevra het en jy moet 'n jaar wag voor jy dit kry?"

Ek weet van 'n vrou wat baie lank moes wag vir iets. Iets baie spesiaals. Haar naam was Hanna.

(Gebruik die sandboks. Die karakters is Hartseer Hanna, Gelukkige Hanna, Elkana, Eli, Peninna en Samuel.)

(Plaas Elkana in die middel. Aan die eenkant staan Peninna en aan die anderkant Hartseer Hanna.)

Hanna wou vreeslik graag 'n baba gehad het, maar dit het nooit gebeur nie.

Haar man, Elkana, was baie lief vir haar. Dit was nie vir hom lekker dat sy so ongelukkig was nie. *(Skuif Elkana nader aan Hanna.)*

Maar daar was 'n ander baie groot probleem. Elkana het nog 'n vrou gehad; haar naam was Peninna. *(Neem Elkana weg en bring Peninna nader.)* Sy het kinders gehad. Dit het haar hoogmoedig teenoor Hanna gemaak. Sy het Hanna beledig en bespot omdat Hanna sonder kinders was. *(Haal almal af.)*

(Plaas raamwerk vir tempel en Eli in sandboks.) Dit was veral vir Hanna baie moeilik wanneer hulle as familie na die dorp, Silo, toe gegaan het om die Here te aanbid en offers te bring. Dan het Peninna baie gekry om vir haar en haar kinders te offer. Hanna het net een deel gekry om te offer. Dan was dit vir haar ekstra swaar.

(Sit Hanna in die sand en druk skuins in "biddende posisie".) Een jaar het sy so hartseer geword dat sy alleen in die tempel gaan bid het. Sy het saggies in haar gedagtes gebid en onbedaarlik gehuil. Net haar lippe het beweeg. "Here," het sy gebid, "gee asseblief om vir my. As U vir my 'n seun gee, sal ek hom teruggee aan U om vir U sy lewe lank te werk. As teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie."

(Bring Eli nader.) Eli, die Hoëpriester het dit gesien en gedink sy is dronk. Hy het met haar geraas. "Mevrou, hoe lank wil jy dronk bly. Loop en word eers nugter!"

"Nee, Meneer, ek is maar net baie hartseer. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here," het sy geantwoord.

Eli antwoord haar: "Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het."

Hulle het almal huis toe gegaan. *(Sit gelukkige Hanna met klein Samuel op.)* Die Here het aan Hanna gedink en sy het 'n seuntjie gekry. Sy het hom Samuel genoem. Wanneer iemand sy naam noem, het hulle onthou dat sy ma gebid het om hom te kry. Elke keer as hy sy naam hoor, het hy ook geweet dat hy afgebid is van die Here en net aan Hom behoort.

Toe Samuel groot genoeg was om self te eet, het Hanna hom tempel toe geneem. *(Bring Samuel en Hanna na Eli.)* "Meneer," het Hanna gesê, "u sal my nie glo nie, maar ek was 'n paar jaar gelede hier en het vir die Here gevra vir 'n seun. Hier is die seun wat Hy vir my gegee het. Sy naam is Samuel, want ek het hom van die Here afgesmeek. Ek gee hom nou vir die Here. Sy hele lewe behoort aan die Here."

(Sit 'n praatborrel met haar woorde daarin op 'n sosatiestokkie en steek dit agter haar in die sand. Dit moet bo haar kop uitsteek.) Hanna het die Here geprys: "Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Daar is geen God soos Hy nie. Geen mens mag hoogmoedig voor Hom wees nie. Hy weet alles. Die Here maak sy kinders sterk." Hanna en Elkana is huis toe en Samuel het in die tempel agtergebly.

Gaan staan voor die sandboks en vertel asof dit 'n geheim is:

"Eli se kinders was baie sleg. Hulle was al groot manne en het ook in die tempel gewerk, maar hulle was onbeskof en het nie respek vir God, die tempel of ander mense gehad nie. Hulle het ook glad nie na hul pa geluister nie. Die Here het vir Eli gewaarsku dat hy hulle gaan straf, maar hulle het hul nie daaraan gesteur nie. Volgende keer gaan ons hoor wat Samuel daar saam met Eli en sy seuns beleef het.

Kinder kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat was vir jou die mooiste in die storie.
2. Ek wonder wat was vir jou belangrik in die storie.
3. Ek wonder hoe het Samuel gevoel oor sy naam.
4. Ek wonder wat maak jou ... (noem 'n emosie).
5. Ek wonder of jy al iets van die Here gevra en dit gekry het.



WERSKAF

- ◆ Boekmerk met betekenis van elke kind se naam.

(<http://www.sheknows.com/baby-names/>)

- ◆ Maak gebedsboks, versier, sit gebede in en neem huis toe.




- ◆ Doolhof van Hanna en Samuel

- ◆ Inkleurprent


- ◆ Soek die woorde

- ◆ Hanna-kaartjie: Kopieer die kaartjie en die hande. Laat die kinders dit inkleur, uitknip en die hande op die kaartjie plak.

Sluit af met die seënbede.




bly




hartseer




"loved"



bang



opgewonde




kwaad

Samuel

T R O O H E B P D L
A E R A H S N E E E
F S E C E H M N O U
G N L X R A A I M M
E U K T E R N N G A
B E A E B T N N O S
I S N M I S A A O N
D E A P D E H Q H B
L Y B E T E K E N L
T H E L I R Q H F Z

AFGEBID HOOGMOED
BEHOORT PENINNA
BETEKEN SAMUEL
BID SEUNS
ELI TEMPEL
ELKANA
HANNA
HARE
HARTSEER
HERE



Hanna het gebid vir 'n baba. Maak die biddende hande oop, dan sien jy vir Hanna met die baba in haar arms.

Hierdie patrone en foto's van die Hanna-kaartjie is afgelaai van "Crafting the Word of God" op die internet.

